**29 MAART** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 19 (OAV)**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 19:13; ESEGIËL 45:20; HEBREËRS 9:7 (OAV)**

## Sonde in onwetendheid

Ons leer in Psalm 19 en Psalm 139 dat ons kan en moet bid dat die HERE ons sondes aan ons sal bekendmaak. Daarin lê genade! Ons mag bid dat Hy ons sal *vryspreek* daarvan (2 Sam. 12:13; Ps. 51: 3, 16).

Hoe ontdek ons die sonde ? Deur die Woord. Soms word ons sondes in die openbaar oopgekrap. (Vergelyk die geskiedenis van Dawid en Bátseba in 2 Sam. 12:9, 12.) Soms word dit met loop van tyd vir ons duidelik. Daar kan sondes wees wat ons lewenslank nie self ontdek nie !

Waarom moet ons ons sondes ontdek, naspeur en bid daaroor ? Dit bly sonde *teen God*! Die volharding van die heiliges, die wedergeboorte, vereis dit. Paulus beklemtoon dikwels in sy briewe dat ons moet groei in die geloof. Onkunde het Israel laat ondergaan (Hos. 4:6). 1 Petrus 2:15 leer dat ons deur goeie dade “die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring.”

Sou die lewe nie gemakliker, kommervryer wees as ons sulke sondes maar ignoreer nie? Nee, God leer ons dat net dwase kennis haat (Spr. 1, 9). Die sonde moet ons kwel.

Ons hoef egter nie troosteloos te wees hieroor nie. In Christus het ons `n Hoëpriester wat met ons swakhede medelye het. Daarom kan ons “met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:16).

“HEER, reinig U my tog van sondes wat daar nog diep in my hart bly steek het" (Ps. 19:6 – berym).

*Sing: Psalm 139:1, 2, 12; 19:6, 7 (1936-beryming)* *Ds Hennie de Villiers (Pretoria)*